


HALLO!

**Ek is 'n VIRUS
en die nefie van die
Verkoue en Griep Virus.**



My naam is Koronavirus.

Ek hou daarvan om te reis.



**Ek spring van
hand na hand
om "hallo" te sê.**

**HIGH
FIVE!**



HOEZIT?

Het jy al van my gehoor?

JA



NEE



Hoe voel jy wanneer jy my naam hoor?




Ontspanne



Deurmekaar



Bekommerd



Nuuskierig




Bang



Hartseer

**Ek kan verstaan hoe jy
moet voel.**




Teken hoe jy voel hier.




Ek voel ook soms so...

Grootmense raak soms
bang as hulle die nuus
lees of my op die TV sien.



**Maar ek gaan nou self vir
jou verduidelik...**



sodat jy mooi kan verstaan.


Wanneer ek kom kuier, bring ek



asemhalingsprobleme



koors




hoes

**seer
spiere**



moegheid

**Maar ek bly nie lank by
mense nie, en amper almal
word weer gesond.**



**Ons hoef nie bang te
wees nie, maar ons kan
versigtig wees.**

TOTSIENS...



Jy hoef nie bekommerd te wees nie!

**Die grootmense wat na jou kyk en
lief is vir jou sal jou beskerm en
veilig hou.**



Jy kan ook help...

1



Was jou hande
met seep en water
terwyl jy 'n liedjie sing.



Jy moet die liedjie “Veels
geluk, liewe maatjie” twee
keer sing terwyl jy besig is
om jou hande te was.

2



As daar nie water en seep naby is
nie, kan jy vir mamma en pappa
vra om 'n handreiniger* te koop.



Moenie jou hande beweeg nie en tel tot by 10.

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

As jou hande droog is, kan jy weer speel!

*met 'n minimum alkohol-inhoud van 70%

3



Moenie met jou hande aan jou gesig raak nie.



Moet ook nie aan ander mense se hande of gesigte raak nie.

4

Maak jou mond met 'n sneesdoekie of jou elmboog toe wanneer jy hoës of nies.



Gooi jou sneesdoekies in 'n vullisblik weg.

5

Moenie ander mense soen of druk nie.


Kan jy aan ander maniere dink om mense te groet of om te wys jy is lief vir hulle?



As jy dit alles doen, maak jy dit vir my baie moeilik om te kom kuier.




**Dokters en wetenskaplikes werk hard om 'n entstof te maak.
Dit sal jou kan beskerm.**



Dan kan ek kom kuier sonder dat jy siek raak.

DIE EINDE



Hierdie materiaal is opgestel deur Manuela Molina Cruz van Mindheart Kids.

Hierdie Afrikaanse weergawe is vertaal en aangepas deur Jeanine Hepburn.

Die oorspronklike weergawe kan afgelaai word by www.mindheart.co/descargables



**Was jou hande
en bid gereeld,
want kieme en Jesus is oral!**

